

Dinsdag 25 Junie

Skrifgedeelte: Jesaja 53:6-9

Fokusgedeelte: Jesaja 53:6

Verdwaalde skape versoen deur die Lam

'n Mens dink onwillekeurig aan die gelykenis van die enkele skaap wat dwaal en wegraak (Luk. 15). As't ware word ons deur Jesaja 53:6 voor 'n skrikwekkende feit gestel: Dit is 'n beskrywing van elkeen van *ons*. So was ons ook: verdwaalde skape, elkeen op sy eie koers, weg van die pad wat God vir ons aandui. Meer nog: afgesny van die wonderlike weivelde en waters van rus.

Maar dan word die Lam vir ons ongeregtigheid mishandel; in die fleur van sy lewe onder sy tydgenote weggeneem en soos 'n goddelose doodgemaak en begrawe. Dit alles dra Hy sonder protes, ter wille van ons versoening met God.

Hy lê sy lewe af ter wille van die skape. Dit word nie van Hom gesteel nie. Ja, Christus is die "Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem ..." (Joh. 1:29).

- Daarom is ons nie meer verlore skape nie, maar deel van die kudde.
- Nie meer verdwaal of blootgestel om deur wolwe gevang en opgevreet te word nie, maar veilig by die Herder wat ons versorg en voed.

Veilig by die Herder wat 'n feesmaal vir ons voorberei. Telkens as ons dan aan die Nagmaal-feestafel aansit, beleef ons die vreugde van die Lam ter wille van ons oortredinge en bedrog geslag. Ja, ons was verlore skape, maar deur die genade van die Lam is ons weer gevind.

Sing: Psalm 119-1:63

Ds. J-L Lee (Jan-Louis) (Pietersburg-Noord)